

**Woensdag 15 Junie**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:1**

**Deur die genade in Christus sterk en toegewyd aan God**

Gister het ons gelees dat Timoteus die opdrag kry om dwaling te bestry! Vandag lees ons in vers 2 dat hy bekwame manne moet toerus om die Woord van God suiwer aan ander oor te dra. Ook hierdie opdrag is nie maklik nie, want vers 3 roep hom op om ontberinge te verdra teen mense wat hom wil teenstaan in hierdie opdrag; vers 4 maan hom om gefokus te bly op die kern van die evangelie en nie verstrengel te raak in onbelangrike sake nie; en vers 5 waarsku hom om nie “kort paadjies te probeer vat” nie, maar om getrou te bly aan God se Woord.

Ook hierdie opdrag hoef Timoteus nie in eie krag te doen nie. Deur die genade van verlossing, vergifnis en versoening wat God in Jesus Christus gee, kan God se Gees nou ook in en deur hom werk sodat hy sterk kan wees en toegewyd hierdie taak kan uitvoer. Wanneer hy volhard, sal hy ook beloon word (vs 6, 11, 12). Maar selfs al struikel hy soms in sy toewyding, moet hy nie in God se ewige onbreekbare getrouheid twyfel nie (vs 13).

As gelowiges het ons ook die taak om mekaar toe te rus om God se Woord te leer ken, sodat ons dit weer aan ander kan oordra, byvoorbeeld gedurende huisgodsdienste, Bybelstudies, of enige geleentheid waar gelowiges saam nadink en besin oor God se Woord (vs 7). Deur God se genade in Christus lei Hy ons deur sy Gees om insig in sy Woord te ontvang, sodat ons sterk kan wees en toegewyd in sy diens kan staan.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2 (Sb. 73:2)*

*Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop/Mariental)*